



## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 34

Na die eerste samevattende opmerkings oor die Sakramente in artikel 33, behandel die NGB vervolgens die Doop as die eenmalige toegang sakrament vir gelowiges. Efesiërs 4:5 "Daar is net één Here, één geloof, één doop". Die eenheid van Christene word in hierdie woorde gestel. En tog is daar diegene wat die uniekheid van die doop in woord en daad verloën.

Net voor die Here se Hemelvaart word die groot opdrag gegee in Matteus 28:19: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." Dit is waarmee die kerk nog al die eeue besig is. Die Evangelie word verkondig en die mense wat Jesus se dissipels word, word gedoop.

Die doop as opdrag word met ander woorde aan die verkondigers gegee, nie die hoorders nie. Anders gestel, diegene wat hulself laat doop in 'n oningelige gevoel van gehoorsaamheid sien nie raak dat die gehoorsaamheid om te doop by die verkondiger gesoek moet word nie. God se opdrag is aan die kerk om te verkondig en te doop.

Hierdie opdrag van die Here Jesus moet duidelik gehoor word: "Verkondig en doop ..." is anders as hoor, kom tot geloof en laat jou doop. Die besluit en die handeling van doop lê nie by die individu nie. Die kerk neem die inisiatief om te doop omdat die persoon na die oordeel van die kerk gedoop mag word. Dit het verreikende implikasies ook ten opsigte van die suigeling se doop. Meer daaroor later in die bespreking van hierdie artikel.

Die onderskeid tussen doop en laat doop, is die onderskeid tussen gee en ontvang. Handeling illustreer hierdie onderskeid op 'n praktiese manier. Ons lees in Handeling 8:35-38 "En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig. En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word? Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het al twee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop." Dit is nie die hofdienaar wat aandrang daarop om gedoop te word nie. Hy stel die vraag en dan word hy gedoop. Die kerk doop in gehoorsaamheid aan Christus om so aan die nuwe dissipels van Jesus aan te dui dat hulle deur die doop van dood oorgegaan het na lewe.. Hierdie oorgangsgebeurtenis van wêreldling na dissipel-wees word deur die Sakrament van die doop verseël. So is die doop die sigbare teken van God se onsigbare genade. Op die manier kommunikeer die Here Sy genade deur gebruik te maak van tasbare instrumente, te wete water in die geval van die doop.

Artikel 34 lui as volg:

### DIE HEILIGE DOOP

Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Romeine 10:4), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of voldoening van die sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk

van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltewel sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop (Matteus 28:19).

Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die geestelike land Kanaän in te gaan. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament dit wat sigbaar is, maar ons Here gee wat deur die sakrament aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egte sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy bekleed ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.

Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie. Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie, en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel. Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is as wat aan ons kinders gemaak is. En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die

reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie. Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was. Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem.

In die bespreking wat volg, word die NGB artikel in **vetdruk** aangedui, terwyl die bespreking in gewone druk is en aanhalings *kursief* gedruk is.

### **DIE HEILIGE DOOP**

As sigbare teken van God se genade is die doop deel van die kern van dit waarmee gelowiges en daarom die kerk besig moet wees. Die water kommunikeer op tasbare manier aan ons die onsigbare werklikheid van God se genade. Die doop onderskei gelowiges van ongelowiges. Diegene wat gedoop is, is nie meer van die wêreld nie, al is hulle in die wêreld.

**Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Romeine 10:4),**

*"Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word."* Dit is belangrik om daarop te let dat die skrywer van die NGB hier baie naby aan die Skrif redeneer. Dit is nie afleidings wat tot hierdie stelling lei nie, ons lees in die Bybel dat Christus die einde van die Wet is. Die volgende sinne gaan nou hierdie stelling verduidelik en aandui hoe Christus dit vermag het.

**deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of voldoening**

**van die sondes sou kan of wil aanwend.**

Vir die leek kan hierdie woorde duister wees. Die agtergrond tot hierdie sin is dat God die mens goed gemaak het. Die mens het teen God gerebelleer en in die mag van die sonde geval. Die gevolg was dat die mens van God vervreem is en in die mag van die dood geval het. Die dood sal heers tot met die wederkoms. God het die wet ingestel om op die manier dit vir die mens moontlik te maak om weer nader aan God te lewe. Twee dimensies van die wet is in die visier. Eerstens is die Wet die openbaring van God se wil. Daarmee saam reël die wet die menslike offerhandelinge wat die gevolge van nienakom van die Wet noodsaak. Dit word gedoen deur die offers. Offers wat gebring was om versoening te bewerkstellig met die vergiet van bloed (diere se bloed). Baie diere is deur die eeue geoffer, maar dit was nooit genoegsaam nie. Jesus se dood aan die kruis was die volmaakte offer voor God. Met die vergieting van Jesus se bloed, is aan al die eise voldoen en hoef daar nie weer 'n offer van bloed te wees nie. Jesus se bloed het met ander woorde enige voorskrif wat gepaard gaan met bloedvergieting van enige aard, oorbodig gemaak.

**Hy het die besnydenis wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel.**

Die besnydenis is reeds met die sluiting van die verbond met Abraham ingestel as teken van die verbintenis tussen God en Sy mense. Genesis 17:10-14 "*Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik*

*onder julle is, moet besny word— julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle. 'n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte. Die wat in jou huis gebore is, en die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van jou geslag is nie— die wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word. So moet dan my verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond. En wat manlik is en die voorhuid het, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie—dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek."* Dit is vanselfsprekend dat besnydenis met die stort van bloed gepaard gaan. Die NGB stel nou dat hierdie stort van bloed deel uitgemaak het van die wet wat mens en God versoen. Hierdie eerste deel van die wet is met ander woorde reeds ingestel met die verbondsluiting en sou aangevul word by Sinai waar die rituele wet in sy volheid aan Moses en die volk gegee is. Daar is verskillende teorieë oor die bepaling dat 'n seun op ouderdom agt dae besny moet word, onder andere diegene wat dink dat die seun dan ten minste een Sabbat belewe voordat hy besny word. Die interessante mediese feit van menslike ontwikkeling moet tog hier genoem word. Navorsing het getoon dat dit vitamien K, of protrombien is wat maak dat mense se bloed stol. Hierdie belangrike bestanddeel van menslike bloed ontwikkel eers op die agtste dag na geboorte. Daar word selfs beweer dat die protrombien op die agtste dag meer as 100% teenwoordig is in die bloed van die baba. Feit is dat die baba voor agt dae kan doodbloei. Die stort van bloed

geskied met ander woorde eers nadat die baba se sisteem die sny kan hanteer en genees. God die Skepper in Sy alwysheid vra nie die onmoontlike nie.

Met die koms van Jesus is alle bloedvergieting beëindig. Dit beteken dat die stort van bloed deur besnydenis ook nie meer deel van die nuwe verbond is nie. Die besnydenis met vergieting van bloed as teken om te herinner kan nie net afgeskaf en verwyder word nie. Die besnydenis was ook meer as bloedvergieting, dit het as teken gedien. Dit word vervang met 'n nuwe teken; naamlik die doop.

**Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra.**

Die besnydenis was daardie teken wat aangedui het dat daardie persoon deel van die volk van God was. In die patriargale (die man speel 'n oorheersende rol) sisteem was dit genoegsaam om die seuns te besny. Die meisies is per implikasie (deur hulle verbintenis met die vader of gade) ingesluit by die volk van God. Die konsep van 'volk van God' is deur Jesus Christus verruim om almal in te sluit wat in God glo - II Korintiërs 6:16 "*Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: 'Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.'*" Die kerk is die nuwe tuiste van die 'volk van God'. Net soos die besnydenis vir die Jode 'n teken was van hulle deel wees van die volk van God (Israel), net so is die

doop die teken dat Christene opgeneem is in die kerk en daarom deel is van die nuwe volk van God.

Net soos die besnydenis die kenteken was wat die Jode van ander volke afgesonder het, net so is die doop daardie kenteken wat die Christene uniek maak in die wêreld. Gelowiges word afgesonder, eenkant geag. Net soos die doop geen blywende merk laat nie, net so is hierdie 'afgesonder wees' nie aan iets fisies uit teken nie. Die resultaat is dieselfde, Christene is in wese anders as die mense rondom hulle. Christene behoort aan God. Hierdie is 'n wesenskenmerk van diegene wat gedoop is. Die doop is geen halwe maatreël nie. Dit beteken dat Christene totaal aan die Here behoort.

**Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees.**

Die doop is nie net 'n teken wat na buite betuig dat die gedooptes God se vaandeldraers is nie. Die doop het ook na binne diepe betekenis wat ondersoek moet word. In die algemeen kan gestel word dat die doop elke gedoopte verseker dat daar 'n ewige versekering is dat God daardie persoon in genade as kind aanneem. Die doop is derhalwe 'n teken wat ten diepste troos en versekering gee aan die een wat kan getuig dat hy of sy gedoop is. Al word die gelowige eenmaal gedoop, is die wete en herinnering genoeg om te dien as getuienis van die ewige ontferming van God.

In die volgende uitgawe van Die Skietlood word Artikel 34 verder bespreek.